van die religie bepaal. Watter dominante waardes is dit, wat deurgaans by die mense die sentrale of sentraal geagte religieuse waardes verdring, vervang of net gevang het?

Hierdie vraag is 'n sosiologiese grondvraag van die eerste orde. Ons sal hierdie vraag stel met die oog op die rasseverhoudings in Suid-Afrika.

## RASSEVERHOUDINGS IN IDEOLOGIESE PERSPEKTIEF

3.1 Die konsep van "ras" het eers laat in die geskiedenes opgeduik. In die moderne wêreld word dit gebruik as 'n onderskeiding van soorte (spesies) in die menslike geslag (genus). Gewoonlik word hierdie rassekonsep dan weer opgebreek in volke, waarmee 'n kulturele eenheid aangegee word en in nasies wanneer 'n volk 'n politieke eenheid word of hom as sodanig bewus word. In Suid-Afrika het die begrippe ras, volk, nasie, mekaar wederkerig versterk en gekleur. "Tekens dat daar 'n verset teen vermenging was, vind ons reeds so vroeg sooo 1678 en 1685." "Heiden en onbeskaaf was ... aanvanklik die twee begrippe wat die kleurskeidslyn sou bepaal." "Later is nie-blanke ook geassosieer met onderworpenheid. Waar hierdie faktore van agterlikheid, onbeskaafheid, heiden-wees, onderworpenheid, bediende-wees ... voorgekom het, was die gemeenskaplike faktor die kleur gewees. Kleur het dus geleidelik 'n aanduiding van hierdie bogenoemde faktore geword in die blanke se houdingspatrone." "Verdere faktore van vrees en die moontlikheid om deur die talryker nie-blanke verswelg te word het die rassepatroon des te skerper gemaak." (Botha, 1965: 45, 47, 49). In die 18de eeu het dit algemeen geword om die posisie van die blanke met diê van Israel te vergelyk. Een van die faktore wat tot die Groot Trek gelei het, was die kleurbewussyn. Die kleurbewussyn het met name groot versterking ondervind van die wêreldwye verskynsel van nasionalisme, wat in die 18de eeu in Europa opgekom het, in die 19de eeu vinnig gegroei het, en wat in die 20 ste eeu so 'n groot invloed uitoefen op die politieke lewe van baie volke oor die hele wêreld, dat dit onmoontlik is om aan hierdie verskynsel verby te kyk Kohn, 1955: 90). In die leidende politieke kringe van Suid-Afrika het die aksent gedurende die laaste dekade veral, ver-

skuif van ras na nasie. In die bewussyn van die volk en ook in die wette, neem kleurskeidslyn egter nog die vernaamste plek in. As ons vra watter dominante waardes, watter ideologie in die lewe van Suid-Afrika se leidende kringe vandag die belangrikste plek inneem, is dit ongetwyfeld en volgens algemene opinie die nasionalisme.

3.2 Voordat ons nader ingaan op die inhoud van hierdie nasionalisme sal ons seker rekenskap moet gee van die inhoud van die woord ideologie, wat ons daarmee verbind het. Die skrywer glo dat ideologie (waaroor 'n vrag van literatuur bestaan - sien bv. Birnbaum, 1962) die eenvoudigste omskryf kan word as dié pakket van idees, waarin groepe van mense hul belange of doeleindes tot uitdrukking bring. In hierdie beknopte definisie lê opgesluit dat mense gemeenskaplike belange het, en die verwesenliking of bewaring daarvan nie alleen prakties nastrewe nie, maar ook teoreties probeer te formuleer en regverdig. Daar is nie so iets in die maatskappy as 'n onbaatsugtige of belangelose aandag vir probleme nie. Probleme vra om oplossings en oplossings veronderstel aksie in die rigting wat deur die belange bepaal word. Dit is dus so dat mense die wêreld om hulle heen nie vanuit 'n belangelose afsydigheid nie, maar met 'n belang hebbende geïnteresseerdheid kyk. Dis daarom dat groepe van mense, wat gemeenskaplike belange het, dit uitdruk in idees, wat hulle saamvoeg tot 'n geheel, wat ons die groepsideologie noem, en dan die wêreld beskou vanuit die gesigspunt van dié ideologie. Die siening van die wêreld in die lig van die groepsideologie val selfs vir baie mense prakties saam met die (hulle) wêreld self. Daarom praat groepe wat verskillende belange het, nie maar net 'n verskillende taal nie, maar hulle wôôn ook in 'n ander wêreld. Wat vir die een vanselfsprekend is, en 'n saak van gesonde verstand, mag vir die ander een wat teenoorgestelde belange het, 'n misdaad wees of 'n misstand. Anders gesê: daar is nie so iets as "duidelike feite" of "blote feite" nie, want 'n feit is altyd 'n feit soos dit gesien word deur 'n mens of 'n groep van mense. Dit lê in die aard van alle ideologieë om outoritêr te wees en te sê: jy moet die wêreld alleen op hierdie wyse sien en op geen ander wyse nie. Sommige ideologieë het ook die neiging of die aard om totalitêr te wees: jy kán die wêreld alleen op hierdie wyse sien, want dis die enigste werklike

wêreld. 'n Ideologie ontstaan dus nie wanneer 'n waarde as 'n feit voorgestel word nie (dit sou 'n logiese dinkfout wees en sommige mense praat oor ideologieë asof hulle dinkfoute sou wees en dus 'n teken van 'n abnormale gees of neiging) maar <u>wanneer die feite in die lig van bepaalde groepswaardes gesien word.</u> Belangegroepe doen dit almal. Daar is dus op sigself niks verkeerds of abnormaals aan 'n ideologie nie. Ons gebruik die woord dan ook in 'n so objektief moontlike betekenis, los van goedkeuring of afkeuring.

Belange worstel in waardes, en die waardes word getoets aan hoër waardes van etiese of godsdienstige aard. Daar is 'n rangorde van waardes, 'n hiërargie, en daar is verskillende rangordes en hiërargieë moontlik. Religieuse waardes word deur mense wat religieus is deurgaans as die hoogste in rangorde beskou.

3.3 Ons kan nou terugkeer tot die rasseverhoudings, wat in die leidende politieke kringe van Suid-Afrika gesien word in die lig van die Afrikaner-nasionalisme. Die naam apartheidsbeleid, is al verruil vir "beleid van veelvolkige ontwikkeling".

Nasionalisme is 'n gedagtesisteem waarin die nasie sentraal geplaas word." (Kotzé, 1968: 12). Nasionalisme is 'n politieke lewenshouding waarin die hoogste trou van die burger aan die nasie (of soewereine nasionale staat) toekom." "Nasionalisme hang saam met 'n sterk vorm van groepsbewussyn waarin die groep gewoonlik identies is met die eie volk wat op mistieke wyse gesien word as die draer van 'n eie identiteit." (Degenaar,1970:18).

Die sterk nasionale bewussyn van die Afrikaner, wat wortel in 'n bepaalde siening en verklaring van sy geskiedenis sedert 1652 en veral sedert 1834 - 54 (die Groot Trek) het veral die komponente: verbondenheid aan die land en taal, aan die eie mense, d. i. blankes, en die godsdiens.

Vandag word almal wat die kenmerke, waardes en belange van die Afrikaner besit of hom daarmee vereenselwig, as Afrikaners beskou (Kotzé, 1968: 30). Daar is 'n ruime immigrasiebeleid, wat nie alleen Nederlanders, Duitsers an Franse insluit nie, maar ook Grieke, Portugese en andere. Hulle moet egter wel blank wees of altans as blankes beskou word.

Hieruit blyk dat die laasgenoemde kenmerk, die godsdiens, wat oorspronklik net mense van protestantse en veral Calvinistiese snit omvat het, die mees rekbare kenmerk geword het en die rassekomponent die mins rekbare gebly het. Die "rasegte" Afrikaner sien egter nog steeds die Calvinistiese of gereformeerde godsdiens as een van die hoofkenmerke van 'n Afrikaner. Wat sal gebeur, as ook in Suid-Afrika die afwending van die kerk 'n grootskaalse omvang gaan aanneem, soos dit oral in Amerika en Europa gebeur het in die laaste eeu, sal die tyd moet leer.

Die Afrikanernasionalisme is 'n tipiese volksnasionalisme, met 'n nasionale staat as ideaal. Die feitlike situasie in hierdie land is dat daar 'n veelheid van volke en groepe is wat almal Suid-Afrika as hulle enige tuiste het en beskou. Die krag van hierdie Afrikanernasionalisme, medegebaseer op politieke mag, is so sterk, dat hy hierdie nasionalisme ook sien as die oplossing van die rasseprobleem in die land, die toekoms vir alle ander volke wat binne sy grense lewe en hierdie sienings uitwerk in die politiek van tuislande.

Hier kom belange (en in 'n hoë mate is dit kulturele en ekonomiese belange), waardes en wense almal saam in die één beleid van afsonderlike ontwikkeling. Probleme lê op die gebied van Engelssprekendes, wat blank is en deels die christelike godsdiens bely, maar nie die nasionalisme deel, d.i. nie die spesifieke siening op geskiedenis, roeping en eiesoortigheid het nie. Sedert 1960 is daar egter meer openheid na die kant van die Engelssprekendes, altans op hoër niveau. Onder die breë lae van die volk bly die verskille en veral die afstand, meer spesifiek die sosiale afstand, nog sterk geaksentueer, waarskynlik veral ook deur ander politieke sienings waardeur hulle nie deel het of deel kan hê aan die nasionalistiese ideologie nie.

Met die stukrag van hierdie ideologie word groot dinge gedoen en baie offers gebring om elke sosiale groep "'n garansie te gee van voortbestaan as afsonderlike nasie en van volledige onafhanklikheid" (Woorde van die Staatspresident, aangehaal by Degenaar, 1968: 20).

3.4 'n Mens wat probeer om hom in te lewe in die ideologie wat

rigting gee aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling en trag om vanuit die nasionalistiese perspektiewe lig op die komplekse Suid-Afrikaanse situasie te kry, kan daarom nie anders as erken dat in alle opregtheid en eerlikheid gesoek en gestreef word na oplossings, wat reg doen aan die afsonderlike volke en groepe nie. Hierdie ideologie lewer immers 'n so volledig moontlike oorsig van en insig in die sosiale probleem en die rigting waarin hulle opgelos moet word. Hy vorm daarom tegelykertyd die "kweekplek vir 'n kollektiewe gewete" (Geerz in Apter, 1969).

Dis egter nie billik om hierdie ideologie te sien as 'n onveranderlike grootheid nie. (Daar is natuurlik altyd mense wat maar net monolities kan dink, ook in die politiek). Probleme verander en ook sienings verander somtyds: dit wil sê dat bepaalde onderdele van of binne die ideologie kan aangepas word.

Dis 'n universele gewoonte egter, om dit so te doen dat die leiers oortuig blyk van hulself en dus die breë massa die indruk kan gee dat daar nie basiese veranderinge is nie. Die "kollektiewe gewete" wat deur die ideologie gevorm is, mag nie onrustig gemaak word nie: die mens word nie graag in die basiese sekerhede wat sy ideologie hom verskaf het, geskok nie. Dit maak ook duidelik waarom politieke leiers in die algemeen wat opereer vanuit die ideologiese siening op feite, wel kritiek kan aanvaar, wat binne die raamwerk van hulle wêreld en hul eie ideologie bly - somtyds selfs skerpe kritiek - maar dat hulle ontsteld is oor selfs ligte kritiek, wat die ideologiese agtergrond self in twyfel trek. Hierdeur word die oorsig van en insig in die probleme, wat ideologies georden is, deurmekaar gebring, en veroorsak dit 'n eksistensiële skok, aangesien dit die fondamente van die (= hulle) wêreld skok. Hierdie situasie kom in Suid-Afrika herhaaldelik voor in die reaksies van politici op uitsprake in die Engelse pers wat meestal vanuit 'n andere ideologie skrywe. Die skrywer het gedurende sy verblyf hierdie halfjaar dikwels die woorde ondermynend en subversief raakgeloop in hierdie verband. Die woorde is verstaanbaar en opreg vanuit die eie ideologie gesien; hulle moet egter daarom onvermydelik die indruk van onverdraagsaamheid maak op mense wat in 'n ander wêreld lewe, omdat hulle wêreld volgens 'n ander ideologie opgebou en georden is.

3.5 Die nasionalistiese raamwerk, waarbinne die rasseverhoudinge in Suid-Afrika gesien word, is, soos gesê, 'n tipiese volksnasionalisme, waarin as grondwet geld dat die nasie die hoogste lojaliteit moet ontvang (Kotzé, 1968: 12), hetsy slegs op staatkundige terrein, hetsy op alle terreine van die lewe, die wetenskaplike, die estetiese en die godsdienstige ingesluit. Miskien sou 'n mens kan sê dat die verligtes in die nasionalistiese kamp neig na die eerste siening, en die "verkramptes" na die tweede siening. Dit sou egter 'n ongeoorloofde (d.i. in hierdie verband 'n onwetenskaplike) vereenvoudiging wees om dit absoluut te stel. Waarskynlik beweeg die meninge hier op 'n lyn ('n kontinuum) tussen die twee uiterstes heen en weer. Maar elke ideologie en veral 'n sosiaal-politieke, het die neiging in hom, om sy grense te oorskry, en van kompartementeel na omvattend op te skuif. Daar moet in die Suid-Afrikaanse situasie 'n groot spanning opstaan tussen die volksnasionalisme, wat kragtens sy aard en sy geskiedenis die neiging het om eksklusief te wees, en die aktuele situasie, wat 'n veelheid van volke en selfs "rasse" omvat binne die een nasie en dus 'n inklusiewe nasionalisme vra. Die eenvoudigste oplossing sou wees, dat die Afrikanervolk op homself één nasie sou vorm, maar die geskiedenis en die geografiese, ekonomiese en kulturele omstandighede verset hulle teen hierdie oplossing en maak dit onmoontlik, soos alle "eenvoudige" oplossings in die wêreld maar altyd net wensdrome van mense is, wat nie met hulle twee bene op die grond staan nie. Dit maak hierdie spanning tussen eksklusiewe ideologie (of beter: ideologie wat neig na eksklusiewiteit) en inklusiewe gemeenskap van baie volke binne één land tot iets onvermydeliks. Die spanning word nog verhoog deur die feit dat daar groepe soos die Kleurlinge in hierdie land is, wat nie as "volke" met 'n eie kulturele en historiese identiteit aangemerk kan word nie. Hierdie spanning maak dat die konsep van "volke" weer in gevaar kom om ingeruil te word ten gunste van dié van "rasse", hoewel die "rasse"-konsep ook nie van toepassing is op Kleurlinge nie. Prakties is dit reeds so, dat die Suid-Afrikaanse Republiek 'n volke-nasie is met 'n volksnasionalisme as nasionale ideologie. Vandaar dat daar stemme opgaan om ook ideologies oor te skakel na 'n ander vorm van nasionalisme, die konstitusionele, soos dit byvoorbeeld in België of in die Verenigde State bestaan.

3.6 Dit bring ons op die belangrike komponent van die nasionalistiese ideologie, nl. die godsdiens. Dis geïnstitusionaliseer in die drie Afrikanerkerke, wat ten spyte van konfessionele ooreenstemming, ooreengekom het om te bly verskil omrede van groepskodes en daarmee verbonde groepsemosionaliteit, beide gevolg en oorsaak tegelyk van verskillende groepsgedrag.

Om redes, wat in 2.5 en 2,6 uiteengesit is, kan nie verwag word, dat mense, wat in 'n saak van die grootste betekenis, soos die politieke en materiële belange, nasionalisties en selfs volksnasionalisties dink, in godsdienstige opsig bereid sou wees om daarvan in 'n aansienlike mate af te wyk nie. In so 'n wydverbreide en veral begripsmatig so breed uitgeboude godsdiens as die christelike kan 'n mens verwag dat godsdienstige beginsels of leerstellinge so gerangskik gaan word, dat dit parallel kan loop of geskakel kan word met wêreldlike belange, verlangens en doelstellinge. In die land van die skrywer is aartskonserwatiewes en uiters linkse progressiewes ewe sterk oortuig dat hulle die Bybel aan hulle kant het. Hierdie visies funksioneer net in verskillende wêrelde, wat ideologies bepaal is, en die geloof neem dikwels die kleur van die ideologie aan.

3.7 Dit kan dus verwag word dat die geloofsopvattinge binne die kringe van Afrikanernasionaliste beinvloed is deur hulle siening van die geskiedenis en die situasie in hierdie land. Die ou verbinding van Afrikanernasionalisme en christelike geloof moet in die perspektief van hierdie geskiedenis gesien word. Vir die eenvoudiges in die land wat kultureel nog op die geloof en die kerk gekonsentreer is, en wat landsake graag aan die landsleiers oorlaat, is hierdie oorspronklike patroon nog die enigste denkbare, leefbare of geoorloofde lewenspatroon. In pers en radio word nog daagliks hierdie band van volk en geloof geaksentueer. Dáárom kan veranderings wat die ideologie raak, as geloofsafval voorgestel en aangevoel word.

Hierdie geloof het - soos dit by eenvoudiges en ongeletterdes in alle godsdienste die geval is - 'n sterk emosionele en spiritualistiese inslag gehad. Dit verklaar enersyds die nadruk op persoonlike bekering en verlossing, andersyds die groot sendingaktiwiteit wat Afrikaners aan die dag gelê het.

Die saamval van onbeskaafdheid, wreedheid, heidendom en velkleur, alweer in die siening op hierdie geskiedenis, het aan die rasseteenstellinge 'n besondere skerp wending gegee. Nog vandag is daar baie mense wat van die geloof van die gekerstende Bantoe 'n eienaardige indruk het.

Hier speel ook die groot verskil tussen swart Afrikaanse en Europese kultuur 'n belangrike rol. Hierdie feite het mede gelei tot die stigting van afsonderlike kerke vir blank en nieblank. 'n Effek daarvan is ook dat die oorgrote meerderheid van blanke en nie-blanke Christene mekaar amper of glad nie ken nie, nóg as mens, nóg as Christen, ten spyte van groot toewyding in en offers vir die sendingwerk.

Met hierdie enkele illustrasies van die wederkerige beïnvloeding van nasionaal-ideologiese en christelik-religieuse sienings, gevoelens en strewes moet ons volstaan.

## GELOOF EN IDEOLOGIE

4.1 In sosiologiese taal uitgedruk, is die verhouding tussen geloof en ideologie dié tussen twee ideologieë, waarvan die eerste in rangorde hoër is. Die religieuse geloof is kragtens sy aard selfs die hoogste ideologie op die hierargiese leer. Daar kan dus spannings verwag word wanneer 'n politieke of sosiale ideologie gaan kompeteer met die geloofsideologie. Hierdie spannings kan op verskillende wyse gereduseer word. Teoreties is daar ten minste drie moontlikhede. Eerstens, die spanning word gesien as gewortel in 'n onoplosbare konflik. In die geval van 'n volks- of 'n staatsideologie kom die instituut van die staat dan te staan teenoor die van die geloof, d.w.s. die kerk. Dit kan eindig in openlike vyandskap, of in spanning en wrewel van een of albei kante, as daar nie 'n hoop is op enige verandering nie. Tweedens, die spanning word erken, maar nie as onophefbaar beskou nie. Dit resulteer in pogings om die ideologieë te versoen, of die spannings kleiner te maak, deur toegewings van altwee kante. Gewoonlik moet die swakkere in hierdie stryd die grootste en die meeste toegewings maak. Derdens, die spanning word ontken en die staats-

ideologie of die geloofsideologie word geïnterpreteer op so 'n wyse dat die indruk gewek word, dat daar volledige ooreenstemming is. Hierdie drie moontlikhede kan ook aldrie tegelyk aanwesig wees op verskillende konkrete punte.

In alle ideologieë, sowel godsdienstige as politiek, is daar altyd geselekteerde elemente wat in die tweede of derde moontlikheid gehanteer ge word. Elke ideologie het immers elemente wat in 'n gegewe situasie relevant of nie-relevant, tersake of nie ter sake is nie. Verder is daar altyd werksame en onwerksame elemente, of elemente wat werksaam of onwerksaam gemaak word.

Diskussie op hierdie terrein is egter dikwels nie meer as 'n windmeulgeveg nie, omdat mense vlug in ideologiese woordestryd, sonder om hulself bloot te stel in die erkenning dat <u>die konkrete doelstellings bots,</u> en nie alleen die idees wat daarmee verbind, of waarmee hulle beklee word nie. Dit sou mens kan noem: idealistiese of ideologiese ontvlugting (vgl. Harris, 1971: 226).

Die geskiedenis van die verhouding tussen christelike geloof en volks-(staats-)ideologie in Suid-Afrika gedurende die laaste 11 jaar sou in die lig van die drie bogenoemde moontlikhede as volg getipeer kan word:

(i) Die oorgrote meerderheid van die sogenaamde Engelssprekende kerke sien die spanning as gewortel in 'n onophefbare konflik: christelike geloof en apartheid op basis van ras is onverenigbaar;

(ii) Twee van die drie Afrikanerkerke erken dat daar spannings is, maar hulle word nie as onophefbaar beskou nie, nl. die N.G. Kerk en die Gereformeerde Kerk.

(iii) Een Afrikanerkerk ontken (of negeer) alle spannings, die Nederduitse Hervormde Kerk. In ooreenstemming hiermee is die feit dat die bogenoemde kerk hom nie amptelik uitgespreek het oor rasseverhoudinge in dieselfde mate as die onder (i) en (ii) genoemde kerke nie. Eweeens is

dit verstaanbaar dat sedert Cottesloe in Desember 1960, die onder (ii) genoemde kerke, en daarvan weer veral die Nederduits Gereformeerde Kerk, die mees intensiewe aktiwiteit ontplooi het in studie en uitsprake.

Die onder (i) genoemde kerke het glad nie deel aan die Afrikaneridiologie nie. Die Engelssprekendes het hulle in Suid-Afrika nooit bevind in die situasie van 'n bedreigde, aangevalle en gediskrimineerede minderheid nie; Die Afrikaanssprekendes het 'n geskiedenis wat ekonomiese bedreigings, militêre aanvalle, sosiale en kulturele diskriminasie insluit. Nou is dit 'n sosiologies bekende saak dat minderhede of minoriteite, veral as hulle tegelyk marginale groepe is, 'n minderheidsmentaliteit ontwikkel en 'n minderheidsideologie gaan ontwerp, waarin hulle kan kompenseer. Dit blyk vir die skrywer dat dit in 'n baie hoë mate die geval was met die Afrikaner in Suid-Afrika. Die minderheid van Afrikaners, teenoor die meerderheid van nie-blankes en later veral ook teenoor die oorheersing van die Engelse, is in 'n marginale posisie geplaas. Die kompensasie word verkry deur 'n ideologie te ontwikkel, <u>waarin hulle nie aan die rand nie, maar in die sentrum verskyn,</u> as die eintlike volk, die eintlike reghebbers op hierdie land en sy potensiaal. Hierdeur word die marginaliteit en minoriteit altans sielkundig gekompenseer. Religieus word hierdie sentrumposisie onderbou in 'n aksentuering van die goddelike leiding en die menslike vroomheid in die tye van die grootste nood.

Voog daarby dat die meeste van hulle boere was, wat baie afhanklik was van klimaat en bodem. Dit is vanself ook weerspieël in hulle godsdiens; 'n kompleks van kulturele, religieuse, sosiale, ekonomiese en politieke faktore het in hulle samespel die Afrikanermentaliteit sy aansien gegee.

Met hierdie enkele opmerkings moet ons volstaan om die sosiologiese agtergrond aan te gee, waarteen die verskillende houdings teenoor die "christelike perspektiewe",

soos geformuleer is in 2.2 - 4, van die kerke in Suid-Afrika verstaan kan word.

'n Enkele woord moet hieraan toegevoeg word ten aansien van ideologiese agtergronde van die siening van "Engelssprekende kerke". Dit sou immers naïef wees om te veronderstel dat daar nie ook ideologiese elemente aanwesig was nie. Daar kan nie sprake wees van 'n "suiwer" geloofsvisie een kant, en 'n "onsuiwer" ideologiese besmette visie aan die anderkant nie. Aan albei kante tree daar vermenging op, maar die snaakse ding is, dat dit gewoonlik minstens aan één kant nie raakgesien word nie: die eie kant. Die een sien sy posisie aldus: geloof staan teenoor geloof plus ideologie. In werklikheid is dit altyd: geloof plus ideologie staan teenoor geloof plus ander ideologie.

Die geskiedenis van die westerse kerke oor die grootste deel van die wêreld het daartoe gelei dat hulle die christelike geloof sien in die lig van o.a. die ses punte:

(i) die "een of geen wêreld" gedagte;

(ii) die afskrywing van die volkskerk en nasionale kerk-idee (wat in die lig van die sogenaamde sekularisasie, 'n fiksie geword het);

(iii) die verwerping van alle imperialisme, kolonialisme en paternalisme in die wêreldlike en kerklike verhoudinge;

(iv) die "one man one vote" idee as die enigste uitdrukking vir demokrasie;

(v) verset teen rassisme;

(vi) strewe na sosiale geregtigheid, humaniteit in menslike verhoudinge en gelyke regte vir almal.

Hoeseer ook hierdie faktore histories, kultureel en sosiaal bepaal is, word duidelik as 'n mens dink dat dit nog nie 'n halwe eeu terug was dat kolonialisme "met die Skrif in die hand" verdedig is, en dat twee eeue terug geen christen 'n slapelose nag gehad het oor slawe en slawehandel nie. In die skrywer se eie land het die christelike partye tussen 1945 en 1960 hulle verset teen Indonesië se onafhanklikheid. In die emosionele debatte en geskrifte is daar oor die koninkryk gepraat op sodanige wyse dat 'n argelose hoorder en leser sou

kon dink dat die koninkryk van God bedoel was en nie die armsalige koninkrykie van die lae lande by die see nie.

Wanneer 'n mens hom verdiep in die uitgebreide lektuur oor rasseverhoudings in hierdie land sedert Cottesloe, dan kry 'n mens die indruk dat die ideologieë op d: agtergrond toeskouer is terwyl die teoloë die "manne is wat voor hulle aangesig speel".

Dit sou te veel ruimte verg om 'n nougesette en breedvoerige analiese te onderneem van alle uitsprake wat veral deur die twee Afrikanerkerke (N.G.K. en G.K.) gedoen is in die laaste jare. Slegs enkele illustrasies kan hier gegee word van die proses:

(i) Die Gereformeerde Kerk het in 1961 hom uitgespreek oor rasserelasies (Cawood, 1969: 42). Onder die hoof "persoonlike relasies" word onder punt 2 die naasteliefde as goddelike gebod genoem. Onder punt 5 word gesê dat die liefde tot die naaste nie die beskerming van die eie belange uitsluit nie. "Dit is in volle ooreenstemming met die Skrif dat volke hulle self sou beskerm terwille van hulle van God gegewe roeping." Hierdie oorgang van "naasteliefde" na eie belange, en van "eie" na "volke" is 'n rangeer van die geloofsbelydenis na die politieke belydenis. Mense wat die Skrifwoorde: "jou naaste liefhê <u>soos jouself</u>" kan uitlê in die rigting van gebod tot selfliefde en dus (!) gebod tot beskerming van volksbelange, is oor die grense van teologiese eksegese, want die Skrif het nêrens 'n gebod in hierdie rigting nie. Selfliefde word eenvoudig as die mees vanselfsprekende saak aanvaar, "want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie". Hier is die wending van geloof na belange duidelik.

(ii) Onder die hoof "sosio-politieke relasies" word onder punt 4 gespreek van die bestaan van nasies as veronderstel deur die verkondiging van die evangelie. "Daarom kom christelike nasies in kontak met heiden-nasies en die vermenging van die twee kan die christendom bedreig." Die vertaling van die Bybelse woord "ethne" met nasies, word aangegryp om die moderne konsep van nasie (wat maar

net enkele eeue oud is) terug te lees in die Skrif en die begrip "Christelike nasie" wat in die Skrif ontbreek, is duidelik ontleen aan die gangbare ideologie van die Afrikanernasionalisme. In hierdie selfde paragraaf word ook gemengde huwelike op hierdie grond afgewys, maar dit bly onuitgesproke of hier huwelike tussen mense van verskillende geloof of van verskillende ras bedoel is, hoewel die tendens duidelik is. Onder die hoof "kerklike verhoudings" word die verskeidenheid van taal en ras gesien as basis vir afsonderlike kerke. Daarom moet die vermenging van rasse en nasies as 'n beginsel en reël in kerklike kringe afgewys word (Cawood, 1969: 44).

(iii) In 'n rapport oor menslike verhoudinge, aangeneem deur die Algemene Sinode van die Ned. Ger. Kerk in 1966, is die prosedure dieselfde. T.o.v. volk en ras (bl. 1 - 10 in die Engelse uitgawe "Human Relations") word die spanning tussen geloof en ideologie so opgelos dat die geloofsideologie (of teologiese regverdiging) as 'n groter sirkel om die kleinere van die volksideologie getrek word. Die bestaan van volke en nasies word gestel teenoor "kosmopolitiese uitwissing van verskille" met 'n verwysing na "Herder". Die spanning tussen partikularistiese volksideologie en universele geloof word opgelos deur die partikularistiese siening gelyk te skakel met die erkenning van verskeidenheid van volke en nasies (wat as bybels aanvaar word) en die Bybelse universaliteit te vervang deur kosmopolitisme (wat as onbybels afgewys word).

(iv) T.o.v. rasse word opgemerk dat die Bybel wel nie rasse ken nie, maar "die biologiese faktor in die samestelling van volke" is daar wel, en vandaar uit kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat "die konsep van ras nie geheel ontbreek in die Skrif nie".

T.o.v. die gemengde huwelik word dieselfde tegniek vevolg as by die uitspraak van die Ger. Kerk in 1961.

(v) T.o.v. die trekarbeid word gekonstateer dat daar morele

probleme is, maar ook toegegee dat die belange van die Staat die trekarbeid vereis, sodat dit nie prysgegee kan word nie. Die regering word dan bedank vir sy pogings om die probleem op te los (Rapport, 1966: 46 -52). Hierdie enkele voorbeelde kan met baie vermenigvuldig word. Vir iemand wie se oog geskerp is vir hierdie skakeling van geloof en ideologie is dit duidelik dat hier pogings aangewend word om spannings op te hef. Die stilswyende premisse is dat hier nie 'n konflik is nie, maar 'n skynbare konflik. Hier word spannings gereël wat bestaan tussen mense wat basies al ooreenstem. Eintlik gaan dit nie om spanning tussen geloof en ideologie of tussen kerk en staat nie, maar om spannings waaroor mense hulle-self in hulle self geplaas sien. Die beginpunt en die eindpunt lê vas, dis maar net die roete om van die een na die ander te kom, wat moeilikhede gee. Dis gesprekke met jouself, waarby andere wat buite die ideologiese siening staan, slegs toehoorders is en moet bly. Nou is ideologie meer elasties as geloofsuitsprake, maar as daar 'n vermenging van die twee plaasgevind het, deel die elastisiteit van die eerste hom aan die tweede mee.

Hiermee kom ons terug op die uitsprake hierbo, nl. dat mense vlug in ideologiese woordestryd (en laat ons hier toevoeg: teologiese woordespel) omdat hulle nie van die begin af aan hulle bewus is, kan wees of wil wees van die konkrete doelstellings nie.

4.2 As 'n mens wil volhou dat hy glo aan "één heilige, algemene, christelike kerk en die gemeenskap van die heiliges" dan kan hy nie net vrede hê met 'n situasie soos dit in hierdie land bestaan, dat daar kerke en mense is wat glad nie meer met mekaar skakel of mekaar benader nie. In hierdie kerklike, maatskaplike, en persoonlike isolasie toon die ideologieë hulle verdelende mag. Het die christelike geloof hom dan so diep ingegrawe in ideologiese stellinge dat daar nie 'n kansie is op kommunikasie nie? Het die apartheid (selfs onder die Afrikanerkerke onderling, laat staan tussen hulle en die Engelssprekende kerke) so diep gegaan dat hy groess-

kerke en subgroepskerke produseer? Die "algemene christelike kerk" is 'n sosiologiese onmoontlikheid, so is wel gesê. Beteken dit dat die evangelie 'n menslike onmoontlikheid is?

Voordat ons daarop 'n antwoord gee, wat onvermydelik buite die raamwerk van 'n godsdiens-sosiologiese benadering val, wil ons eers enkele oorwegings aanbied, wat die sosiologiese behandeling afsluit en 'n oorgang bied na die skrywer se eie ideologiese siening:

(i) Die probleme waarvoor hierdie nasie hom gestel sien in kulturele, sosiale, politieke, ekonomiese en religieuse opsig, het afmetings wat in ooreenstemming is met die oneindige uitgestrekthede van die land: Suid-Afrika verenig in hom die problematiek van die ganse "derde wêreld". Wie dit nie kan of wil insien nie, verloor sy reg om te praat.

(ii) Die situasie het sedert 1948 so verander dat die Afrikanernasionalisme van 'n minderheids- en marginale ideologie tot die ideologie van die dominante groep geword het. Daardeur kon dié ideologie geprojekteer word op die volke wat tuislande (gaan) bewoon. Maar die volke is wêl vir 'n deel gedetribaliseer, maar hulle is nie aan 'n nasionalisme toe wat sy wortels in 'n totaal ander kultuur het nie. Daarbenewens is daar miljoene wat die stad as gedwonge tuiste het, en wat gedekulturaliseer is t.o.v. hulle oorspronklike kultuur en onvoldoende geënkultureer is in die blanke se maatskappy, vanweë sosiale en ekonomiese belemmerings op hulle pad. Vir hulle beteken die tuislande-politiek die omkering van die proses van kulturele verandering, soos dit tot dusver plaas gevind het. Hierdie ideologie sal dus slegs gedeeltelik kan geprojekteer word op die Bantoe! Hy gaan al meer van sy oorspronklike inhoud verloor, namate die situasie in hierdie land hom ontwikkel. Ideologie beteken óók die ordening van probleme en om hierdie rede vra dit herordening.

(iii) Die situasie het sedert die Republiekwording in 1961 opnuut verander deurdat uitgespreek is dat Suid-Afrika

besluit het om één nasie te vorm met dié Engelssprekendes wat vir Suid-Afrikaanse burgerskap gekies het bo dié van die Britse Statebond. Hier word 'n nuwe elastisiteit geverg van die nasionalistiese ideologie, wat nie hierop ingestel is nie, omdat hy die Afrikaner in die sentrum plaas. Maar dit is 'n kompensatiewe plek in 'n marginale situasie. Hoe groot is die spankrag van 'n ideologie vir mense wat opgeskuif het van die rand (soos dit gevoel en belewe is) na die ideologies regmatige middelpunt? ('n Mens kan verstaan dat hierdie vraag 'n besondere sorg is vir die Engelssprekendes wat aan sommige kritiek op die regering begrypelik 'n onderto n van suspisie en onsekerheid gee). Hier kan baie aanmanings verwag en gekonstateer word in praktiese opsig. Sal daar besluit word om die ideologie om psigologiese redes te laat soos hy is?

Maar dan word hy óf tot 'n dooie letter, óf tot 'n inhoudlose ritueel, óf tot 'n semantiese simbool wat 'n hele semasiologie (leer van betekenisverandering van woorde en begrippe) gaan vereis namate die situasies en die tye verander.

(iv) Die geestesgeskiedenis van die 20ste eeu het die aksent verlê van die algemene na die besondere, van die wetmatigheid na die spesifieke, van die statiese na die dinamiese, van die goddelike beskikking na die menslike verantwoordelikheid. Die aksentverlegging het ook gemaak dat ons oog geskerp is vir die feit dat institute en ideologieë mensgemaakte dinge is, wat soms dreig om die mens self onsigbaar te maak. Idees, gelowe en ideologieë is maar net snelskrif vir analitiese doeleinees, maar hulle is beliggaam in die mees letterlike sin - in mense van vlees en bloed. En mense is belangriker as konsepte. Hoë ideale en geloofssisteme hou op hulle self nie 'n garansie vir menslikheid in nie, ewemin as 'n gebrekkige of onrealistiese ideologie op homself 'n menswaardige optrede by voorbaat uitsluit.

ONWETENSKAPLIKE SLOTBESKOUINGS

5.1 Die kernwoord is: Wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God (Miga 6:8). Volgens die ideologie van die skrywer is dit woorde wat hulle integraal aanbied en aanvaar wil wees. Die liefde en die reg is nie net "horisontaal" nie, maar hulle is verbind aan die ootmoedige wandel met God.

As hierdie woorde te waar is om as baken te dien - nie alleen in mikroverhoudinge nie, maar ook in makroverhoudinge - vir 'n christelike nasie, dan kan ons liewer alle religie, die christelike ingesluit, as oortollige ballas, as hipokrasie en bog oorboord gooi.

5.2 Van Christenmense mag verwag word dat hulle bereid en daartoe in staat is om distansie te neem van al wat ideologie is, of konsepte heet, in die lig van die evangelie, wat deur almal aanvaar word as grondslag en uitgangspunt van lewe, denke, gevoelens en handel. Hierdie evangelie vra bereidheid om "die ander uitnemender te ag as homself". In hierdie konkrete situasie van Suid-Afrika sou dit kan beteken dat mense bereid mag wees tot erkenning en herkenning van mekaar oor die mure van vereensaming heen wat "verkramptes", "verligtes", "liberaliste" en "progressiewes" vir hulle self en vir mekaar gebou het, sonder om bang te wees dat hierdie erkenning en herkenning inhou: dat hulle in die ander se ideologiese kamp ingesleep word. Hulle sou moet ooreenstem oor een ding: dat mense vir medemense verantwoordelikheid dra. Programme, sisteme, en wat hulle ook al genoem word, kan nie oornag gerealiseer (of verander) word nie, maar die knelpunte wat mensonwaardige toestande vorm, moet so snel moontlik opgehef word deur mense wat dit kan ophef. As voorbeelde sou 'n mens kan noem: die toepassing van wette in stryd met hulle oorspronklike doel (180 dae wet) of 'n ongenuanseerde toepassing wat menslike leed onnodig verswaar (ontugwet); die bitterhede van oorplasing van woongebiede. Hierdie punte is belangrike onderwerpe vir bespreking tussen kerk en staat, en ook vir openlike bespreking in breë kringe as vorming en skerping van die gewete van almal. Dit kan nooit 'n denke wees teen die regering in nie, maar met die regering

saam. Die skrywer sê indruk is dat die getal van hulle wat werklik saam lewe en dink met verantwoordelike instansies, nog baie min is. Bespreking van konkrete menslike probleme van dié land, wat binne die mag lê van die regering om opgelos of minstens versag te word, vorm 'n beter basis om begrip vir mekaar te kry, as ideologiese bestryding.

5.3 Die skrywer dink ook aan die internasionale spannings rondom Suid-Afrika se kerke en sy regering. Die eerste wat hom op die hart lê is: asseblief mense, nie afskakel nie! Hou aan, al mag dit onaangenaam wees. Daar is baie onsin oor en weer, maar menslike en internasionale kontakte is soos erts: die meeste lyk waardeloos, maar jy kry goud daaruit, suiwer goud. En daar is mense wat meer waarde het as goud. As mense ook internasionaal die ideologiese bakleiery kon staak en net die hande ineenslaan! En as die politieke en kerklike ideologieë onvermydelik en noodsaaklik is, sou hulle dan nie liewer as 'n noodsaaklike kwaad geduld kan word, in plaas van as liewelinge vertroetel word nie? Die skrywer droom (wat is die lewe sonder drome) van 'n kerk in sy land en 'n ministerie van ontwikkelingshulp in sy land en mense in sy land wat nie praat oor ideologieë nie, maar wat help: mense help om hulle self te help, byvoorbeeld met 'n besproeïingskema en die uitvoering daarvan in die Transkei, die industriële ontginning en so voort. Daar is so baie moontlikhede wat net verhinder word deur mensgemaakte versperrings. Ontwikkelingshulp in sigself is nie sleg nie, al word dit dikwels sleg uitgevoer. Maar hier het mense ervaring en kennis, en is daar tog baie goeie wil oor alle grense heen, ook oor die kleurgrens. Hier is die hulp ook nie 'n bodemlose put nie.

LITERATUUR

Apter, D. (ed.) 1964 — Ideology and Discontent. Free press of Glencoe, New York

Bavinck, J.H. 1956 — Het Rassenvraagstuk: Probleem van Wêreld-formaat. J.H. Kok, N.V. Kampen

Berger, P.L. en Luckmann, Th. 1966 — The Social Construction of Reality: A treatise in the sociology of knowledge. Doubleday and Co. Inc., Garden City, New York

Birnbaum, N. 1962 — The Sociological Study of Ideology: A bibliography. Blackwell, Oxford

Botha, A.J. 1965 — "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as afsonderlike Instituut." Skripsie vir M. Th. Universiteit van Stellenbosch.

Brodtbeck, M. 1968 — Philosophy of Social Sciences. Mc Millan Co., New York

Cawood, L. 1964 — "The Churches and Race Relations in South Africa". S.A. Institute of Race Relations, Johannesburg

Degenaar, J.J. 1970 — "Perspektief op Suid-Afrika". Wending. Jaargang 25, No. 1 (Maart) 7 - 38

De Villiers, W.B. 1969 — "Lunteren en die Rassekwessie". Christelike Instituut van S.A., Braamfontein

Dickie Clark, H.F. 1964 — "The Marginal Situation. A Sociological Study of a Coloured Group". D. Phil. thesis, University of Natal, Durban

- 1961 — Die Nederduitse Geref. Kerk in Suid-Afrika en Rasseverhoudinge. Opsommige van belangrikste uitsprake en besluite vanaf 1950 tot Desember 1960. N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria

Durand, J.F. 1970 — Swartman, Stad en Toekoms. Tafelberg, Kaapstad

du Toit, J.D. en du Toit, S. 1955 — Die Afrikaanse Rassebeleid en die Skrif. Pro Rege Pers, Potchefstroom

Gurvitch, G. 1962 — Dialectique et Sociologie. Flammarion, Paris

Harris, N. 1971 — Beliefs in Society. The Problem of Ideology. Pelican Books (1st ed. 1968)

| | |
|---|---|
| - | Human Relations in South Africa. |
| 1966 | Report adopted by the General Synod of the Dutch Reformed Church. Information Bureau of the D.R.C., Cape Town |
| Kohn, H. | Nationalism, its Meaning and History. |
| 1955 | D. van Nostrand Co., Princeton, New Jersey |
| Kotzé, D.J. | Positiewe Nasionalisme. |
| 1968 | Tafelberg, Kaapstad |
| Kotzé, J.C.G. | Ras, Volk en Nasie in terme van die Skrif. |
| 1962 | C.J.V. Uitgewers, Stellenbosch |
| Lochner, G.W. e.a. | Beschouwingen van het Rassenvraagstuk. W. ten Have, N.V. Amsterdam |
| Mannheim, K. | Ideology and Utopia: An Introduction to the |
| 1964 | Sociology of Knowledge. Routledge, London |
| Potgieter, F.J.M. | Veelvormige Ontwikkeling die Wil van God. |
| 1957 | Sacum Bpk., Bloemfontein |
| - | Race, What does the Bible say. |
| 1952 | Church Council of South Africa |
| Spoelstra, B. | "Die Bybel en ons Afrikaanse Volkerebeleid". |
| 1970 | SABRA, Pretoria |
| Van Zyl Slabbert, F. | "Modernisation and Apartheid". Reprint No. 4, |
| 1971 | Abe Bailey Institute for Interracial Studies |
| | "Cultural Diversity and Politics in South Africa". Mimeographed paper. |
| Visser 't Hooft, | "Christianity, Race and South African People". |
| W.A. 1953 | World Council of Churches, New York |

# DIE PLEK VAN DIE KLEURLINGE IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

deur Ds. David Botha

Die probleem om aan die Kleurlinge hulle regmatige plek in die Suid-Afrikaanse samelewing aan te wys, is basies een van klassifikasie. Dit hang saam met die vraag of die land suksesvol verdeel kan word, op tuislandgrondslag, tussen die blankes en die Bantoes en of die Kleurlinge by een van die twee groepe gereken moet word, of as nog 'n eie tuisland gesien moet word. Wat 'n persoon, instansie of politieke party se antwoord op hierdie vraag sal wees, sal afhang van die beeld wat hy of hulle van die Kleurlinge in die gemoed omdra. Dit geld vir alle persone en instansies in Suid-Afrika; maar omdat slegs die blankes oor die magstrukture beheer uitoefen, is dit van deurslaggewende belang wat die blankes oor die Kleurlinge dink.

Hoe dikwels beweer mense nie met oortuiging nie: "Jy kan my niks omtrent die Kleurlinge vertel nie. Ek ken hulle. Ek het saam met hulle grootgeword en hulle werk vir my." Dan sluit hulle hul gemoed vir alle verdere redenasie omdat hulle nie graag die gedagtebeeld wat hulle oor hierdie mense opgebou het versteur wil hê nie. Want hierdie gedagtebeeld lê ten grondslag van 'n lewensbeskouing, wat dikwels met die krag van 'n godsdiens gehandhaaf word, en enige wysiging van die beeld moet die lewensbeskouing self aantas. Die tragedie is dat die gedagtebeelde in die reël onvolledig en karikatuuragtig is, enersyds omdat die feite wat die beelde steun onvolledig is en andersyds omdat die seleksie van die feite bepaal word deur vooringenomenheid. Met ander woorde, die vooringenome waarnemers wil die Kleurlinge graag raaksien soos hulle meen hulle behoort te lyk en wil aan hulle die plek in die samelewing toeken wat hulle vooringenomenheid vir hulle gereserveer het.

Omdat elke mens alle feite met 'n sekere vooringenomenheid waarneem en selekteer, sal ook hierdie referaat blyke gee van die referent se vooringenomenheid. Tog wil hierdie stuk 'n poging wees om die gevolgtrekkinge van die referent weer te gee - gevolgteekkinge wat gebaseer is op sy ervaring van baie jare as predikant van verskeie Kleurlinggemeentes in die stad en op die platteland - so verantwoord en objektief as moontlik.

Die oorheersende kenmerk van die Kleurlinggemeenskap is sy heterogeniteit. Juis dit maak sy klassifikasie so moeilik. Slegs die prinsipiële liberalis, wat alle verbande en groeperinge in die samelewing relativeer, het hier geen probleem nie, aangesien hy geen grense wat paal en perk aan die indiwidu stel erken nie. Maar vir die mens wat vanuit sy Bybels-Christelike lewensbeskouing waarde heg aan die regte en vryhede van die indiwidu soos beoefen binne die ordelike strukture van die samelewingsverbande, soos gesin, kerk en staat, is dit van groot belang om ook te weet binne watter verbande 'n besondere persoon hom ten beste kan uitlewe, tot volbringing van sy goddelike kultuurtaak. Daarom is dit van wesenlike belang om tot helderheid te kom oor die verband of verbande waarin hierdie heterogene Kleurlinggemeenskap behoort op te gaan, sodat die hele bevolking van Suid-Afrika sy kultuurtaak ten beste kan volbring.

Alhoewel verbande dikwels op meganiese wyse geskep word deur faktore van buite, soos anneksasies en militêre besettings op staatkundige gebied, sendingaksies op kerklike gebied en ekonomiese sanksies op maatskaplike gebied, dra gesonde verbandvorming eintlik 'n organiese karakter. Dit groei spontaan rondom gemeenskaplike belangekomplekse en word gebind deur die middelpuntsoekende kragte wat mense wie se belange dieselfde is, na mekaar toe trek. Mense wie se belange bots sal weer neig om uitmekaar te beweeg en om ou verbande met nuwes te vervang.

Die vraag wat in hierdie verband beantwoord moet word is, watter faktore aanleiding gee tot organiese gemeenskapsvorming en of sodanige faktore enige kriteria vorm vir die bepaling van die plek van die Kleurlinge in die Suid-Afrikaanse gemeenskapsverband. Geskiedkundiges soos Arnold Toynbee, wie se gevolgtrekkinge as besonder geldig beskou word, toon aan dat volkskarakter en - kultuur bepaal word deur die langdurige wisselwerking van drie faktore: geografie, taal en godsdiens; en dat daardie karakter en kultuurgoedere op almal oorgedra word wat oor 'n lang tydperk aan die invloed van dieselfde faktore blootgestel word. Waar ons dus gemeenskaplikheid van grondgebied, taal en godsdiens aantref het ons prinsipieel met een volksverband te doen. Die mense binne hierdie verband is aangelê op dieselfde belange en is dus lotsgebonde wat betref saam bly, saam arbei en saam stry en ly. Binne hierdie breër volksverband kom daar vanselfsprekend 'n groot aantal kleiner verbande voor wat gegrond kan wees

op verskille in aanleg, vermoë, stand, opvoedingspeil, geleerdheid en selfs ras. Ras en volk is nie identiese begrippe nie, want een volk kan meer as een rassekomponent insluit. Selfs die mees homogene volke van die wêreld openbaar skerp stands- en kultuurverskille. Die feit dat hierdie verskille dikwels deur die gemeenskap met onbuigsame sanksies gehandhaaf word, loën nie die feit dat ons met een volk te doen het nie.

In die beoordeling dus van die aard en karakter van die Kleurlingbevolking sal ons moet bepaal watter kriteria geldig is. Die kriterium van ras en afkoms verleen ons nie veel hulp nie. Juis op hierdie gebied vertoon die Kleurlinggemeenssap sy grootste heterogeniteit. Die drie komponente van blanke- (Europese), Suid-Asiatiese- en inheems Afrikaanse bloed wat min of meer ewe sterk verteenwoordig is, kom in alle moontlike grade van vermenging binne die Kleurlinggemeenskap voor. Daar is dus uit rasse-oogpunt geen tipiese Kleurling nie. Hulle is rasverwant aan die blankes, Asiate en inboorlinge van Suid-Afrika. Sommiges is byna suiwere tipes van die komponente. Die groot massa vertoon egter so 'n "bontheid" dat die regering vir sy doel verplig is om die Kleurlinggemeenskap in 'n aantal subgroepe te verdeel, waarvan die Kaapse Kleurlinggroep die grootste is. Uit rasse-oogpunt is die Kleurlinge dus as groep volkome onklassifiseerbaar. Die groep vorm 'n kontinuüm van sy basiese komponente en hy word nog steeds tot 'n geringe mate vanuit daardie oorde aangevul, ten spyte van die wtgewing wat bloedvermenging met blankes strafbaar maak.

Kleur kan ook nie as kriterium aangewend word nie. Die Kleurlinge kan nie sondermeer as "bruinmense" beskryf word nie, want hulle kleur wissel van wit tot swart. Weliswaar is die groot massa nie-blank gekleurd, maar hulle is ook nie-swart. Wat eintlik opval is die "veelkleurigheid" van die Kleurlinge. Die ondoeltreffendheid van hierdie kriterium word verder beklemtoon deur die feit dat baie blankes donkerder is as 'n groot getal Kleurlinge en tog nie om daardie rede hulle plek in die blanke gemeenskap ontsê word nie.

Die enigste kriteria wat met geldigheid aangelê kan word om die Kleurlinge te tipeer is die bogenoemde drie faktore van woongebied, taal en godsdiens. Dit neem natuurlik nie weg nie, dat die kriteria van ras en kleur geldiglik aangewend kan word om sekere kultuurdifferen-

siasies binne die groep te verklaar. Maar in die breë gesien is die Kleurlinge mense wat dieselfde grondgebied as die blankes (met woonbuurtskeiding) bewoon, dieselfde taal (of tale) as die blankes praat en die Christelike geloof (met die begryplike uitsondering van die subgroep wat die Islam bely) saam met die blankes bely. Slegs op die grondslag van hierdie beoordeling kan en mag die Kleurlinge tot 'n volksverband gereken word. Aangesien hierdie faktore vir etlike eeue op die Kleurlinggemeenskap ingewerk het mag die Kleurlinge met reg 'n kultuurvolk heet en is die tipiese Kleurling 'n mens wat 'n besondere kultuur beoefen. Die Kleurlinge kan dus slegs kultureel getipeer word, en hulle identiteit gevolglik slegs deur hierdie kulturele geestesgoedere bepaal word.

'n Verdere vraag stel hom gevolglik aan die orde. Is hierdie Kleurlinggemeenskap 'n kultuurvolk op Suid-Afrikaanse bodem met 'n eie identiteit in onderskeiding van ander kultuurvolke? Wanneer ons die Kleurlinge met die Indiërs en die Bantoes vergelyk moet ons dadelik toegee dat die antwoord "ja" moet wees. Sowel die Indiërs as die Bantoes vertoon kulturele eiendomlikheid wat hulle onmiskenbaar van die Kleurlinge onderskei, en dit ten spyte van die feit dat hulle vrye en onbelemmerde verkeer met die Kleurlinge geniet. As ons egter die Kleurlinge met die blankes vergelyk is die enigste eerlike antwoord wat ons kan gee, "nee". Terwyl die Kleurlinge in ras-biologiese sin ten dele 'n kontinuüm van die blankes is, is hulle dit in kulturele sin ten volle. Hulle bemin dieselfde vaderland as die blankes met net so 'n hartstog en lojaliteit; hulle gee uitdrukking aan hulle gemoed in dieselfde taal (tale) en kultuurvorme as die blankes, en hulle kniel saam met die blankes voor die God wat Hom in Christus openbaar het. Al die kommunikasiekanale tussen die Kleurlinge en die blankes is wyd oop en albei groepe se harte word na dieselfde waardesisteem aangetrek en daardeur beheers. Die gevolgtrekking blyk derhalwe onvermydelik dat die Kleurlinge en die blankes in kulturele sin een volk is.

Die bogenoemde gevolgtrekking word bevestig deur die feit dat die Kleurlinge ook 'n besondere plek in die struktuur van die tradisionele Suid-Afrikaanse huishouding inneem. Sedert die volksplanting in 1652 vorm die blankes en die Kleurlinge saam 'n produksie-eenheid met 'n deurlopende sosiale struktuur wat gedifferensieer is in verskeie

klasse en stande. Sonder die Kleurlinge is die blankes geen volk in die normale sin van die woord nie, want sonder hulle is die sosiologiese struktuur onvolkome. Die blankes alleen is in die algemeen genome 'n bevolkingsgroep sonder 'n volledige werkerstand. Duisende Bantoes en Indiërs word in diens geneem om hierdie leemte aan te vul, maar dit word amptelik aanvaar dat hulle verblyf tydelik is en dat hulle uiteindelik 'n heenkome in die tuislande moet vind. Die Kleurlinge, egter, is die tradisionele werkerstand van die Westerse kultuurvolk. Hulle het hierdie posisie sedert die volksplanting in die organiese samelewingstruktuur beklee.

Die betoog van hierdie referaat is, dat dit 'n ernstige waarnemingsfout is wanneer die Kleurlinge aangesien word vir 'n gemeenskap wat óf naby die Bantoes staan, óf radikaal anderssoortig as die blankes is. Want enigeen wat intiem kennis gemaak het met die Kleurlingsamelewing in al sy fasette, dwarsoor ons hele land, sal kan getuig dat hulle 'n onmiskenbare "blanke" stempel dra. In my boek "Die Opkoms van ons Derde Stand" het ek, na my mening, onweerlegbare getuienis gelewer van hierdie feit. Daarin is die kultuurlewe van die Kleurlinge in al sy fasette beskrywe. Die feite toon dat in kerk, skool, arbeid, ontspanning, kunste, ekonomie en politiek, die Kleurlinge dieselfde goedere en waardes as die blankes hanteer. Weliswaar is daar groot graadverskille in die mate waarin afsonderlike groepe onder die Kleurlinge die waardes geassimileer en in hulle gedragspatrone uitgewerk het. Kwantitatief dus is daar 'n verskil tussen die Kleurlinge en die blankes wat hulle kulturele ontwikkeling betref, maar kwalitatief het ons met 'n verwerking van dieselfde kultuurgoedere te doen.

Dat dit so is, is te danke aan die blankes en die Kleurlinge se gesamentlike erfenis. Wat die Kleurling-blanke samelewing vandag is, is hy as gevolg van die stelselmatige ontluiking van al die oerkragte, wat aanwesig was in die klein gemeenskappie aan die Kaap gedurende die eerste tien jaar van die volksplanting. Van Riebeeck het hom dit ten doel gestel om aan die inboorlinge die Hollandse taal te leer on om hulle vir die Gereformeerde Godsdiens te wen. Dit is ook beoog vir die slawe. Dat hy en die Hollandse bewinhebbers hiermee erns gemaak het, word bewys deur die ywer waarmee die slaweskool aangepak is en die talle pogings wat aangewend is om die Hottentotte te onderrig. Bekeerlinge uit die heidene en die slawe-

gemeenskap is by die blanke kerklike gemeenskap ingelyf. Hierdie doelstellinge van Van Riebeeck is in die loop van die eeue met ongeëwenaarde sukses deurgevoer, sodat ons die resultaat het wat hierbo bespreek is.

Nou word daar deur baie mense teëgewerp, dat bogenoemde aanbieding van die feite onvolledig en eensydig is en die gevolgtrekkings dus ongeldig. Hulle wys daarop dat die blankes en die Kleurlinge deur die eeue heen as afsonderlike groepe in die samelewing beskou is en dat kleurgevoel die deurslaggewende rol gespeel het om die groepe sosiaal apart te hou. Daarom, so word geredeneer, moet aanvaar word, dat ons eintlik met twee onassimileerbare volksgroepe te doen het, wat veral om ras-biologiese-en kleuroorwegings asook kulturele anderssoortigheid, geskei gebly het en derhalwe geskei moet bly om rassewrywing te voorkom en afsonderlike ontwikkeling te waarborg. Die Kleurlinge is dus of reeds 'n afsonderlike volk of 'n afsonderlike volk in wording.

Beide gevolgtrekkings kan tog nie geldig wees nie. As die Kleurlinge 'n afsonderlike en eiesoortige kultuurvolk in onderskeiding van die blankes is, is hulle kultuurgoedere en -waardes onverklaarbaar. Maar, as hulle, soos hier betoog word, saam met die blankes een kultuurvolk uitmaak, moet daar 'n ander verklaring gevind word vir die tradisionele sosiale skeiding tussen die twee groepe. So 'n verklaring moet 'n aanvaarbare antwoord gee op die vraag waar die kleur- of rassegevoel vandaan kom.

Dat daar kort na die volksplanting, en veral in die kring van die Vryburgers, 'n besliste kleurgevoel by die blankes ontwikkel het, is 'n feit wat moet aanvaar word. Juis hierdie feit word dikwels aangehaal as 'n bewys vir die opkoms van die rassegevoel, en 'n sterk pleidooi vir die erkenning en handhawing van 'n eie rasse-identiteit by blankes en Kleurlinge word op hierdie afleiding gegrond. Die kleurgevoel van die blankes sou dan sedert die vroegste bestaan van die Kaapse samelewin die bewys wees van die blankes se geregverdigde verdediging van hulle eie aard en kulturele erfenisse. So 'n afleiding gaan te ver. Afgesien van die feit, dat daar werklik geen sprake was van die bedreiging van die blankes se gesag en lewenswyse voor die ontmoeting met die Bantoes op die Oosgrens nie, is dit baie duidelik dat die gekleurdes maar te gretig was

om die blankes se lewenswyse, gewoontes en maniere oor te neem en te assimileer.

'n Geldiger en voor die hand liggende verklaring vir die ontwakende kleurgevoel by die blankes is, dat dit hulle groeiende klasbewustheid weerspieël het. Die neiging om kinders van gemengde bloed te klassifiseer by die groep waartoe die gekleurde ouer behoort, openbaar 'n groter mate van klassebewustheid as van rassebewustheid. Aan die ander kant weer, toon die feit dat baie mense van gemengde bloed geredelik deur die blankes aanvaar is, duidelik dat daar nooit enige beginselbeswaar op rassegrondslag teen so 'n aanvaarding gegeld het nie. Hierdie ontwikkeling van 'n klasse-maatskappy was doodnatuurlik, en dat die kleur van 'n persoon se vel as maatstaf vir klassifikasie sou wortel skiet, was weens die groot verskil in beskawingspeil tussen die blankes en die gekleurdes voor die hand liggend. Om op klassegrondslag te diskrimineer ten opsigte van sosiale regte en voorregte was nie vir die koloniste vreemd nie, omdat die Europese samelewings dit ook gedoen het. Die Suid-Afrikaanse samelewing het langs hierdie weg slegs uitgegroei tot sy normale struktuur, waarin die normale spanninge tussen mense en groepe binne dieselfde kultuurverband bestaan. Hierdie aanvanklike kleurgevoel het fundamenteel niks verskil van 'n standsgevoel wat gebaseer is op geboorte en afkoms, of op rykdom en besit nie.

Net soos in Europa, het hierdie klasbewustheid nie gelei tot die verwerping van die laer stand nie. Die laer stand was te onmisbaar vir die instandhouding van die lewenswyse van die hoër stand, en die behoud van die lewensstandaard van die hoër stand was die noodsaaklike voorvereiste vir die welstand van die laer stand. Hoe seer dit ook deur sommiges betreur word dat die ekonomie van ons land reeds sedert die dae van Van Riebeeck op die goedkoop arbeid van nie-blankes gebou is, bly dit 'n feit dat niemand in die loop van byna driehonderd jaar ooit ontken het nie, dat die gekleurdes hart en deel van die arbeidsamelewing van ons land uitgemaak het. Die geskiedenis kan nie tereggewys word nie: Ons moet die feite eenvoudig aanvaar. Jan van Riebeeck hét hierdie volksplanting aangelê op die grondslag van 'n slawe-ekonomie en goedkoop gekleurde arbeid, die amptelike beleid wás integrasie op die gebied van kerk en skool, en byna drie eeue lank het hierdie toestand nie fundamenteel verander nie.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

***PUBLISHER:***

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.